



Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: lekkerbekkie@annaemm.co.za

Die druppels wat nie wou reën nie deur Anna Emm

Kosie en Klawer en Krissie is drie reëndruppels wat saam met 'n klomp ander reëndruppels hoog bo in die lug woon. Die wind lig hulle elke dag lekker hoog op, en dan speel hulle in die wolke. Maar op 'n dag begin die wolke al hoe laer en laer sak. "Lyk my ons gaan reën!" roep die ander reëndruppels opgewonde. "Hou vas!"

"Wat is reën?" vra Kosie en Klawer en Krissie verbaas.

"Dit beteken ons gaan aarde toe val!" lag die ander reëndruppels. "Ons gaan die plante lekker nat maak sodra hulle kan groei."

Maar Kosie en Klawer en Krissie is niks lus om die ou plante te gaan nat maak nie! "Ek het 'n baie beter plan," fluister Kosie opgewonde. "Kom ons vat ons valskempies en spring dáárdie kant toe – weg van die plante. Dan kan ons op ons eie wees en nog steeds lekker speel."

Soos blits gryp Kosie en Klawer en Krissie elkeen 'n valskempie, en toe die wolke begin reën, spring hulle na die ander kant toe. Die wind skep hulle en dra hulle ver, ver weg van die reënwolke af. Hulle waai deur die lug tot hulle glad nie meer plante op die grond kan sien nie. En saggies, saggies sit die wind hulle daar neer.

"Ons het dit reggekry!" roep Kosie en Klawer en Krissie opgewonde uit. Maar o aarde, die wind het die drie reëndruppels nou in die middel van die woestyn neergesit, en sommer gou is dit vreeslik warm. Die son skyn en daar is nêrens plante wat koelte gee nie!

"Wat gaan van ons word?" roep die reëndruppels benoud. "Hoekom het ons nie maar eerder by die ander gebly en saam gereën nie?"

Na 'n rukkie begin die reëndruppels baie snaaks voel. Hulle lyfies word ligter en ligter van die warm sonskyn, en hulle raak deurskynend!

"Help! Help!" roep die reëndruppels. "Ons verdwyn!" Maar hulle verdwyn nie. Hulle word só lig dat hulle in die lug begin opstyg! Op, op, op gaan hulle, tot die windjie hulle weer skep. Die windjie blaas hulle aan - terug na die wolkies waar hulle eers was.


"Waar was julle dan?" vra die ander reëndruppels vrolik. "Julle het groot pret gemis, hoor! Ons het gereën en die plante gaan natmaak, en toe het ons al met die stroompie af gespoel tot by groot dam, en daar het die wind ons weer kom haal! Whoo-hoo! Dit was lekker!"

Kosie en Klawer en Krissie voel nou bietjie skaam. Hulle gaan beslis nie weer op hulle eie probeer wegspring nie. Volgende keer gaan hulle sáám reën. Hulle wil nie weer in die woestyn beland nie – dis verseker.

Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za

Gratis inkleurprentjie

Die druppels wat nie wou reën nie illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek www.AnnaEmm.co.za